

Soos nog 'n steenvrugseisoen vir die Suid-Afrikaanse steenvrugbedryf tot 'n einde loop, is dit nou 'n goeie tyd om oor die afgelope seisoen te besin en om 'n interne post-mortem te hou oor die prestasie van individue boorde en variëteite.

'n Winsgewende boord is afhanklik van die 3 P's, naamlik:

- Produksie (opbrengs, uitgedruk in ton per hektaar)
- (Uit)Pak (persentasie van klas 1 vrugte en vrugte van die gewenste grootte)
- Prys (sal nie in hierdie artikel bespreek word nie)

Ons as produsente kan die winsgewendheid van 'n boord bepaal deur die opbrengste (produksie) en uitpakte te verbeter.

Aan die einde van die seisoen moet ons die prestasie van elke variëteit in elke individuele boord in terme van opbrengs en uitpak ontleed. Wees versigtig om nie te dink dat data per kultivar voldoende is nie, maar eerder per kultivar EN boord, aangesien elke boord 'n "fabriek" is en op eie meriete geevalueer moet word.

Wat volg is 'n kort oorsiglys wat in baie gevalle gebruik word wanneer 'n boord se verrigting ontleed word om te bepaal hoekom dit nie so goed presteer het as wat ons gehoop het nie. Dit is goed om elkeen van hierdie faktore te ondersoek, indien hulle bygedra het tot die laer as verwagte opbrengste en die laer as verwagte uitpakte.

1. Grondfaktore

Moontlik een van die mees beperkende en misverstaande faktore in die boord se prestasie is grondfaktore en die volgende moet met betrekking tot die grond nagegaan word:

- ✓ **Dreinerig:** Is die dreinerig in die boord voldoende, is daar groot gebiede van "nat voete" en boomsterftes. As 10% van die bome in 'n boord kort, beteken dit 'n 10% laer opbrengs per hektaar. Indien dreinerig 'n probleem is, moet planne gemaak word om dit reg te stel.
- ✓ **Grondkompaktering:** Swaar gekompakteerde gronde sal lei tot swak wortelaktiwiteit, gaswisseling, waterindringing, ens.
- ✓ **Organiese inhoud van die gronde:** Hoeveel Koolstof is daar in die gronde; die mikpunt is 3% Koolstof, en hoe nader mens kan kom aan 3% Koolstof in die grond, hoe beter die grondstruktuur en dus hoe beter die voedingstofopname. Suid-Afrika se gronde het tipies 'n OC% van <1.5%, daarom moet organiese materie op 'n jaarlikse basis bygevoeg word.

- ✓ **Chemiese balans in die gronde:** Wat sê die uitslae van die grondontledings? Watter regstellings, indien enige, moet gemaak word? Oorweeg dit in samewerking met blaaranalise.
- ✓ **Brak toestande:** Die soutinhoud van baie van ons gronde is te hoog en ons moet iets doen om die soutinhoud te verminder. Saliniteit word tipies gemeet as elektrise geleiding (EC) wat onder 1.7 – 2 mS/cm moet wees, of weerstand (ohm) wat groter as 500-600 ohm moet wees. Om soutgehalte reg te stel behels nie eenvoudig net die byvoeging van gips nie, en 'n formele verbeteringsplan moet met 'n grondkundige bespreek word.

2. Wortelsiektes en Insekte

Ons sien toenemend erger gevalle van aalwurmbesmetting in die boorde en glo dat indien daar enige onsekerheid is oor die teenwoordigheid van aalwurms, dit die moeite werd is om vir hulle te toets. Onderzoek ook die moontlikheid van ander wortelsiektes of insekte.

3. Bestuiwing

'n Gebrek aan kruisbestuiwing is moontlik een van die grootste oorsake van 'n swak opbrengs in pruime, en dit is altyd interessant om te sien dat as daar 'n Songold-boom as bestuiwer is, sê nou maar elke neënde boom, dit 'n vol oes sal hê, maar as dit die hoofvariëteit is, sukkel mens om 'n oes te kry. Die verskil is uit-en-uit kruisbestuiwing. Ek moedig elke pruimboer aan om 'n gedetailleerde studie van hulle kruisbestuiwing te onderneem. Die kruisbestuiwers wat ons het – is hulle versoenbaar met die variëteit wat ons probeer bestuif? Sien Hortgro Science se omsendbrief oor stuifmeelversoenbaarheid en, tweedens, maak seker dat hulle op dieselfde tyd blom.

4. Boomgroeikrag

Te veel groeikrag in die boom kan net so skadelik wees as te min groeikrag. Indien die boom te groeikragtig is, sal dit nie vrugte produseer nie. Dit bly in die vegetatiewe fase en produseer nie blomme nie. As daar nie genoeg groeikrag is nie, sal daar nie nuwe drahout van goeie gehalte geproduseer word nie, die ruimte wat aan die boom toegewys is, sal nie gevul word, ens. Te veel groeikrag is skadelik en te min groeikrag is net so skadelik. Die boom moet in balans gebring word ten opsigte van groeikrag en vrugproduksie.

5. Uitdun

Hoe suksesvol was die uitdunresep in die pas afgelope seisoen? Onderuitdunning sal lei tot klein vrugte, 'n oeslading wat te swaar is, lei tot oorslaan en al die ander probleme.

Ooruitdunning sal lei tot groter vrugte, maar kan ook 'n oormaat groeikrag in die boom veroorsaak wat kan lei tot gevolglike swak opbrengste.

6. Besproeiing

Kyk krities na u besproeiingstelsel. Het die besproeiingstelsel water gelewer wanneer dit benodig was? Hoe was my skedulering, was die besproeiing 'n beperkende faktor met betrekking tot opbrengste? Evalueer die watergebruik as m^3/ton vrugte. Hierdie is 'n waardevolle parameter indien mens 'n droogtebestuur strategie moet saamstel in die toekoms.

7. Wind

Windskaie – hoe groot 'n faktor was dit oor die afgelope jaar? Moet ek die gebruik van kunsmatige windskerms ondersoek, die aantal windskerms wat geplant is, vermeerder, ens.? Dit is altyd goed om die windtoestande op die plaas te analiseer.

8. Hael

Was hael 'n faktor wat produksie beperk het? Moet ek voorsorgmaatreëls teen hael tref?

9. Somersnoei

Het my somersnoeipraktyke 'n bydrae gemaak tot vruggrootte, vruggehalte, blomknopdifferensiasie vir volgende jaar? Kyk krities na die somersnoeipraktyke en die tydsberekening van somersnoei.

10. Oespraktyke

Maak 'n opsomming van oespraktyke. Het ek teen die korrekte ryphed gepluk, uitsoekstrategieë, korrekte gehalte? Was daar enige beskadiging van die vrugte tydens oes?

11. Ligbestuur

Is die bome oop genoeg? Ontvang al die blare voldoende lig vir fotosintese, ens.? Is dit nodig dat ek naoes- ligbestuur onderneem, hoogs problematiese takke verwyder, veral dié wat nie in die regte verhouding is nie, sowel as uiters groeikragtige takke?

12. Onkruidbestuur

Hoe suksesvol was die onkruidbestuurstrategie in die afgelope jaar, hoe suksesvol was ek in die beheer van meerjarige onkruid, veral kikoejoe, vaalskraalhans, fynkweek, ens., moet ek my onkruidbeheerstrategie verander?

13. Insek- en Siektebeheer

Frikkie van Schalkwyk het altyd gesê die volgende seisoen se insek- en siektebeheer word aan die einde van die vorige seisoen bepaal omdat u dan weet wat die probleme was en wat met betrekking tot hierdie probleme vir die volgende seisoen aangespreek moet word.

Beheerstrategieë vir insekte soos witluis, verderflike dopluis, ens., word almal ná oes vir die volgende seisoen bepaal. Dieselfde geld vir siektebeheer.

Baie van die faktore wat opbrengs, ens. beïnvloed, word beïnvloed deur die verkryging van 'n voldoende aantal blomme (voldoende blomknopdifferensiasie). As ons 'n voldoende aantal sterk blomme het, hoe maak ons seker dat ons voldoende vrugset verkry (bestuiwing, ligbestuur, boomreserwes, ens.)? Die spandeer van tyd om die afgelope seisoen te analiseer en te bepaal wat die beperkende faktore was, kan grootliks bydra tot verhoogde opbrengste en uitpakte in die komende jaar. Dit is 'n oefening wat beslis die moeite werd is.

- **Bakteriese Kanker, Bakteriële Vlek/Xanthomonas & Gomvlek – Alle Steenvrugte.** Vir 'n standaard beheerprogram (geen buitengewone probleme ervaar hierdie afgelope seisoen nie) op alle steenvrug bome, moet 'n **enkele spuit van koperoksichloried @ 350g/hl** toegedien word **@ 75% blaarval**. Indien probleme ervaar is die afgelope seisoen, kan **2 spuite van koperoksichloried @ 350/hl** toegedien word, met **die eerste teen 50% blaarval en die herhaling teen 80% blaarval**.
- **In Xanthomonas probleem situasies**, kan 'n omvattende Bordeaux-program (Kopersulfaat en spuit kalkmengsel) oorweeg word. 'n Reeks van **“tuisgemaakte Bordeaux” spuite**, moet as volg toegedien word: i) 25-50% blaarval; ii) 90-100% blaarval; iii) middel winter; iv) eerste tekens van knopswel in die lente; v) 7-10 dae later. Hierdie tuisgemaakte “Boere Bordeaux” kan gemaak word deur 600g/hl kopersulfaat en 800g/hl spuitkalk te meng en toe te dien. Die spuitmengsel is uitvoerbaar, MAAR spuitpyp blokkasies sal ontstaan wat die spuityd heelwat sal vertraag.
- Alternatiewelik kan **Bordo @ 800g/hl** toegedien word **na-oes, en herhaal word 4 weke later en weer teen vroeë knopswel in die lente**.
- **Krulblaar – Perskes en Nektariens.** 'n **Enkele toediening van koperoksichloried @ 350g/hl**, moet toegedien word **@ 75% blaarval**.

- **Dopluis and Witluis – Alle Steenvrugte.** 'n **Minimum van 2 hoë-volume** spuit per seisoen @ 100% BRV moet toegedien word 4-6 weke uitmekaar, bestaande uit **100ml/hl Dursban en 500ml/hl mineraal olie (MCW EOS olie)**. Die eerste spuit moet toegedien word voor snoei en opgevolg word daarna. Die tweede spuit moet saam met die rusbreekspuit toegedien word, indien dit gespuit word, andersins kan dit ook met die vroeë knopswel koper-toediening gemeng word.
- **In probleem dopluis situasies**, moet **3 winter spuite** toegedien word **4 weke uitmekaar**, om 'n deeglike dekking en benatting van die boomstruktuur te verseker. Die tweede van die spuite-moet teen 70% BRV toegedien word, deur op en af mrt dieselfde ry te spuit, vir 'n omvattende benatting. Op vroeë blomkultivars moet die eerste spuit toegedien word met die $\frac{3}{4}$ blaarval koperspuit om toe te laat dat die 3 spuite toegedien word met 4-week intervalle.
- **Witluis Situasies – Alle Steenvrugte.** **50ml/hl Tokuthion** as 'n hoë-volume toepassing moet toegedien word VOOR enige tekens van knopswel. Verseker 'n deeglike benatting van die boomstruktuur.
- **Vrugtevlieg – Alle steenvrugte.** **Hou voort met weeklikse lokaas regoor die plaas, indien 1 of meer vlieg per week op die plaas gevang word. Sodra geen vlieë vir 2 opeenvolgende weke op die plaas gevang word nie, kan lokaas verminder word na eenmalig elke 14 dae.**

14. COVID-19

- ✓ Weens die Covid-19 pandemie en weens die verwagting dat infeksies mag toeneem na die inperking, word dit aanbeveel om, waar krities, vroeër snoei te oorweeg terwyl arbeid beskikbaar is.
- ✓ Oorweeg die vroeër as normale bestelling van lente en somer kunsmis, sowel as oesbeskermingsprodukte. Maak seker om genoeg hiervan te hê, maar wend slegs aan wanneer nodig.
- ✓ Bespreek die bostaande aanbevelings eers met u tegniese adviseur en ander relevante diensverskaffers.

TYDIGE WENKE BYDRAERS:

Somersnoei

Peter Dall
Tegniese konsultant
Peter Dall Consultancy
028 272 9671

Die “Insek- en Siektebeheer Steenvrug Tydige Wenke” is saamgestel deur Andrew Hacking van Ad Lucem Agricultural Services CC, deur die gebruik van landbouchemiese inligting verkry van Agri-Intel en Hortgro se MRL databasis.

Hortgro Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.

HORTGRO

Growing Fruit IQ

home of the south african stone fruit producer



Stone